



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS

*flits*

GEBEDSKALENDER VIR  
VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook  
as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,”  
– Filippense 3:20 (OAB)

## SRI LANKA vervolg

valse aanklagtes teen hom, kan heropen. Bid vir voorsiening vir Pastoor Dayaratne en sy vrou, terwyl hulle nou die kinders terug- verwelkom.

## KENIA

**21** Bid asseblief vir die vertroosting van die families van vier Christenmans wat brutaal deur Al-Shabaab vermoor is. Drie van die mans is vasgemaak en vermoor nadat hulle geweier het om die ‘Shahada’ (n Islamitiese geloofsbelydenis in die eenheid van Allah) op te sê.

## UGANDA

**22** Bid asseblief vir Edith (40) van oostelike Uganda, wat deur n invloedryke Sheik geteiken word omdat sy n Christen is. Hy was al twee keer verantwoordelik vir die breek van haar diere se bene. Bid vir die Here se beskerming oor Edith en dat, ten spyte van die druk wat sy in die gesig staar, sy sal aanhou om Hom in dapperheid te volg.

## BAHREIN

**23** Alhoewel Bahrein se grondwet voorsiening maak vir geloofsvryheid, mag geloofsoortuigings buiten Islam, nie die gevestigde kultuur en gebruike skend nie. Christelike oortuigings word dus in effek verban en evangelisasie is onwettig. Bid vir wysheid namate Christene poog om die Evangelie met hul naaste te deel.



## SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK

**24** Bid asseblief vir die families van 80 mense in die Sentraal-Afrikaanse Republiek wat in Julie-maand brutaal vermoor is. Onder dié wat vermoor is, was vrouens en kinders, hospitaalpasiente, en ses noodhulpwerkers. Bid vir almal wat geliefdes in die geweld verloor het, en dat die gevegte sal ophou.

## DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK)

**25** In hulle poging om n vastrapplek vir Islam te kry, gaan rebelle Islamitiese militante van die Geallieerde Demokratiese Magte steeds voort om chaos te saai teen die meerderheid Christenpopulasie van die Noord-Kivu provinsie. Bid asseblief vir herstelde vrede in Noord-Kivu en ander dele van die DRK.

## MALI

**26** Talle sendingwerkers is in Mali ontvoer en word steeds, sedert die begin van verlede jaar, vermis. Bid vir God se

## MALI vervolg

volgehoue guns vir hierdie sendelinge, asook vir hulle families wat steeds wag vir hulle terugkoms.

## KAZAKSTAN

**27** Christenbekeerlinge vanaf Islam in Kazakstan ly erg onder vervolging aan die hande van beide die regering, en ook hulle familie, vriende en gemeenskap. Bid dat ten spyte van die druk wat hulle ervaar, hulle sterk sal bly in die geloof.

## IRAK

**28** As gevolg van die konflik tussen die Irakse regering, Koerdistan, en die militante in die area, is die politiese situasie in die suidelike dele van die Nineve Vlakte onseker. Bid vir n oplossing vir hierdie konflik, want dit het n negatiewe impak op die terugkeer van ontheemde persone na hul dorpies.

## INDONESIË

**29** In Indonesië, styg die gevalle van kerke wat geforseer word om toe te maak omdat hulle nie n boupermit het nie, maar aansoeke vir n boupermit

## INDONESIË vervolg

word geweier. Bid vir wysheid vir kerkleiers terwyl hulle veg vir hulle godsdienstige regte en vir die regering om regverdig op te tree teenoor geloofsgroepe wat in die minderheid is, soos Christene.

## ERITREA

**30** Volgens n verslag wat in Junie gepubliseer is, het die Eritrese regering nog niks gedoen om menseregteskending stop te sit nie. Christene word grootliks geteiken, en die meeste word nie volgens regsvoorskrifte hanteer nie. Bid vir God se oorvloedige genade vir opgesluite Christene en hul families.

**31** Bid vir die Kerk, terwyl hulle poog om steeds Christus te aanbid en Sy mense te dien, te midde van baie uitdagende omstandighede. Bid vir die Here se dapperheid en hoop, sodat hulle die genade sal hê om aan te hou om as getuies vir Hom te lewe, en baie in Eritrea na Christus sal lei.

\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org) | [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



@opendoorssa



Open Doors South Africa



open\_doors\_sa



## KIRGISTAN

**1** Hamida\*, 'n Gelowige vanuit 'n Moslemagtergrond, het tot onlangs geen teenstand van haar man, oor haar geloof, ervaar nie. Dit het nou verander, maar ten spyte daarvan dat sy deur haar man vervolgd word, kies sy om by hom te bly. Bid vir Hamida se beskerming en vir haar familie om tot bekering te kom.

## TADJIKISTAN

**2** 'n Christenleier van Tadjikistan het gedeel, "Die houding teenoor Christene in Tadjikistan word by die dag slegter. Bid vir waagmoed, vrede en vir krag vir Christen-gelowiges om voort te gaan om die Evangelie onder Moslems in Tadjikistan te verkondig."

## TUNISIË

**3** Prys die Here vir dapper Christene soos Mochsen\* wat, al is hy die enigste Christen in sy klein dorpie, sy geloof met ander deel. Bid dat 'n gemeenskap van gelowiges uit sy dapper getuieis gebore sal word.

## TURKYE

**4** Turkye se rang op die Geopende Deure Wêreldwaarnemingslys het skerp gestyg hierdie jaar, van #45 tot #37. Vervolging in Turkye word gekenmerk aan Islamitiese ekstremisme en geweld. Bid vir die wat soos verraaiers behandel word nadat hulle Christus aangeneem het. Bid dat God

## TURKYE vervolg

hulle sal versterk om vir Sy naam vervolging te verduur.

## NOORD-KOREA

**5** Noord-Koreaanse Christene is honger vir hulle daaglikse brood, beide fisiek en geestelik. Bid vir voorsiening vir hierdie Christene wat hulle lewens waag om hul geloof te behou.

## LIBIË

**6** Bid asseblief vir dapperheid vir Hanna\*, 'n jong vrou wat sukkel om vir ander mense van haar geloof te vertel. Sy is baie bang vir die swaar gevolge wat sy moontlik mag verduur indien sy haar geloof met ander deel.

**7** Bid vir volharding vir 'n jong man in Libië wat onder druk is om sy nuwe geloof in Christus te versaak. Hy is erg misbruik en mishandel. Hy is steeds sterk in sy geloof, maar die druk om terug te keer na Islam is meedoënloos.

## SUIDELIKE FILIPPYNE

**8** May\*, 'n Tausug Christen, word deur haar broer gedreig. Hy het vir haar gesê dat hy haar sal doodmaak as sy nie haar Christengeloof verlaat nie. Bid dat haar begeerte om meer oor Jesus Christus te leer sal aanhou om te groei, ten spyte van die dreigemente wat sy in die gesig staar.



Bid vir God se vertroosting vir die talle weduwees in Nigerië wat hulle eggenote verloor het aan die hande van Moslemekstremiste.

## MAURITANIË

**9** Bid asseblief vir Mauritanië – 'n self-geproklameerde Islamitiese Republiek, wat al vir drie dekades onder militêre beheer is. Daar is baie min Christene in die land en hulle voel baie geïsoleerd. Bid vir krag vir hulle, en vir hulle getalle om te styg.

## VIËTNAM

**10** Verlede jaar is Vang Atao\* se familie deur sy jonger broer, wat 'n bende teen hulle opgesteek het, vervolgd. Die jonger broer het ook Atao se skoondogter verkrag, omdat sy geweier het om Jesus te versaak. Bid vir die volkome herstel van die hele familie en vir die Here se genade en guns oor hulle.

## NIGERIË

**11** In Augustus is Baba Kale Dankali (62) deur Moslemmans aangeval en vermoor. Toe sy seun Micah Kale (20) uitgaan om te kyk wat gebeur het, het die mans teruggekom en hom ook vermoor. Hulle weduwees en kinders moes vlug. Bid vir God se vertroosting vir hierdie familie.

## MALEDIVE

**12** Die Maledive, 'n wêreldbekende vakansiebestemming, is 'n plek van intense vervolging vir Christene. Bid dat gelowiges in die Maledive wysheid sal hê, namate hulle hul geloof uitleef – mag hulle groot veerkragtigheid hê, ten spyte van die voortdurende vervolging.

## JEMEN

**13** Bid dat die uitbraak van cholera onder Jemense gemeenskappe sal stop. Bid vir mediese verligting om te arriveer en om die verskillende hospitale en areas in nood te bereik.

## SIRIË

**14** Prys die Here dat ses Christenfamilies in Homs kon terugkeer huis toe. 'n Herstellingsprojek van Geopende Deure het hulle gehelp om hulle gedeeltelik vernietigde huise te herstel. Bid dat hierdie families in staat sal wees om meer as net hulle huise te herbou, namate die hele stad poog om van die oorlog te herstel.

## TURKMENISTAN

**15** In Turkmenistan, word geen godsdienstige aktiwiteite toegelaat, buiten staatsbedryfde en staatsbeheerde instellings nie. Christene word daarom gemerk as ekstremiste en word deur die owerhede gemonitor. Bid dat sekuriteitsmagte, wat Christene monitor, die Evangelie sal leer ken. Bid dat hulle harte deur God se liefde verander sal word.

## SENTRAAL-ASIË

**16** Samedas\* (23) is 'n nuwe bekeerling, en haar man het vir haar 'n ultimatum gestel: verlaat Christus of verloor haar familie. Sy het Christus gekies, dus het haar man haar toe

## SENTRAAL-ASIË vervolg

geskei en dreig nou om hulle dogter van haar af weg te vat. Bid vir wysheid en krag vir Samedas.

## MIANMAR

**17** Bid vir etniese minderhede in Myanmar, veral die Rohingya. Hulle word wreed deur die owerhede behandel en burgerskap geweier, nie net in Myanmar nie, maar wêreldwyd. Bid vir 'n einde tot die diskriminasie teen minderhede soos die Rohingya.

**18** Omdat hulle geweier het om Jesus te versaak, is 'n Christenfamilie, vanuit 'n Boeddhistiese agtergrond, se huis en motorfiets deur 'n bende vernietig. Hulle is nou onder die sorg van 'n plaaslike kerk. Bid dat hierdie familie, God se troos en liefde sal ervaar.

## VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

**19** In vergelyking met enige ander groep in die Verenigde Arabiese Emirate, ervaar Christenbekeerlinge vanaf Islam die meeste vervolging. Bid asseblief vir die veiligheid van hierdie bekeerlinge, namate hulle hul geloof uitleef in hierdie hoofsaaklik Moslemland.

## SRI LANKA

**20** Prys die Here dat pastoor Dayaratne van Sri Lanka die Agape Kinderhuis, wat toegemaak was as gevolg van